

LAPA waag met papierlose Afrikaanse boeke



MARITHA SNYMAN

Besturende Direkteur, LAPA Uitgewers

In Julie 2010 het LAPA se eerste Afrikaanse e-boeke op *Kalahari.net* verskyn. LAPA publiseer ook die eerste Afrikaanse selfoonromans vir tieners op 1 November 2010 op MXit danksy 'n ooreenkoms tussen LAPA en die Shuttleworth-stigting. LAPA het twee van hulle jeugboekskrywers geborg om die eerste twee selfoonverhale in Afrikaans te skryf.

Malligheid? Miskien. Want die Afrikaanse boekemark kry swaar in die huidige resessie en 'n opname het pas aangedui dat slegs 50% van alle Afrikaanssprekendes ernstig voel oor hulle taal. Verder word daar gereken dat slegs 100 000 mense aktief Afrikaanse boeke koop. Waarom sou 'n nis-uitgewery van 'n bedreigde taal dan tyd en geld spandeer aan iets wat (nog) nie noodwendig ekonomiese sin maak nie? En dit te midde van die verwarring en 'n geskarrel in die uitgewersbedryf

Want die Afrikaanse boekemark kry swaar in die huidige resessie en 'n opname het pas aangedui dat slegs 50% van alle Afrikaanssprekendes ernstig voel oor hulle taal

wêreldwyd? Die evolusie na die e-boek is sigbaar op 'n byna daaglikse basis (Aptara (1), 2010) en die uitgewersbedryf betree 'n onbekende tydperk wat dalk nie positiewe uitkomstige vir uitgewerye soos ons dit tans ken, inhou nie.

'n Mens kan bang word, jou kop in die sand druk en hoop jy (en jou uitgewery) gaf die gees voor Armageddon, of jy kan jousef probeer voorberei op die onbekende wat aan die kom is. Dis immers die onbekende wat onbeminde

is. Ons het besluit om die laaste opsie te kies.

Omdat ons 'n uitsluitlike Afrikaanse uitgewery is, is ons ook gemotiveer deur die behoefte om daár te wees waar Afrikaanse lesers na boeke soek. Verder wil ons steeds Afrikaanse produkte skep wat nie

terugstaan vir ander groter letterkundes nie en bied die e-boek ons die geleentheid om beter te voorsien in die leesbehoefes van Afrikaanssprekendes wat in die buiteland bly.

As 'n mediumgrootte onafhanklike uitgewery (sonder die steun van 'n groot internasionale mediahuis) moes ons self navorsing doen oor die wát en die hóé van papierlose boeke. Binne enkele maande nadat ons besluit het om ons op die gebied van e-boeke te waag, was ons eerste vyf-en-twintig e-boeke op *Kalahari.net* beskikbaar.

Ons sorg self vir die omskakeling van ons boeke na verskeie e-formate. *Kalahari.net* verkoop die meeste van ons boeke. LAPA se e-boeke is ook nou beskikbaar op buitelandse webwerwe en e-boekwinkels wat Australië, Ierland en Amerika insluit.

Ons vermeerder ons beskikbare titels stelselmatig. Tans het ons 55 e-boeke in die mark. Van kort gelede af word die meeste van ons nuwe publikasies ook as e-boeke uitgegee en publiseer ons ook op stelselmatige wyse boeke van ons fondslyns af in e-formaat. Die pryse van nuwe publikasies is in e-formaat dieselfde as die gedrukte formaat, maar boeke wat uit druk is, se prys is aansienlik laer.

Die probleme wat ons ondervind is dieselfde as wat die ontwikkeling van die e-boek in die res van die wêreld strem. Onder hierdie probleme tel die volgende:

- die beprysing van e-boeke (te hoë pryse sodat die leser gekul voel);
- die beperkte beskikbaarheid van titels;
- probleme wat gepaardgaan met die hardeware waarop e-boeke afgelaai kan word, soos die probleem dat daar nie 'n universele e-leestoestel vir alle e-boekwinkels bestaan nie (die koms van die tablet soos Apple se I-pad, BlackBerry se Playbook en Elonex se eTouch sal hierdie probleem egter grootliks oorkom), hoë pryse van leestoestelle en gebrekkige Internettoegang in groot dele van die ontwikkelende wêreld; en
- die feit dat die e-boek gedryf is deur strategie en nie deur leserbehoefes nie (Mace, 2010; Aptara (2), 2010).

Tog is ons verbaas oor die positiewe groei in die verkope van ons e-boeke. Ons beoog sterker bemarking daarvan in 2011 en sal sien of dit verkope positief sal beïnvloed. Hoewel dit nog te vroeg is om te sê, lyk dit asof *Romanzas* die boeke is wat die meeste afgelaai word. Dit klop met tendense in die res van die wêreld. Ons sal waarskynlik eers

oor 'n jaar (of meer) 'n meer volledige prentjie oor lesersvoorkeure beskikbaar hê.

Tans lyk dit nie of papierboeke in gevaar staan om te verdwyn nie. Die meeste uitgewerye bied hulle gedrukte boeke ook in e-boek-formaat aan en beskou die e-boek as 'n nuwe manier om omset te ver-

groot (Aptara (2), 2010). Daar is egter ook uitgewerye in die VSA wat die opsie van e-boeke as eerste keuse ondersoek, omdat daar wesenlike verskille bestaan tussen die aanbieding van e-boeke en gedrukte papierboeke.

'n Voorbeeld waarin die aanbieding van die inhoud opmerklik verskil van die tradisionele boek is die sogenaamde selfoonboek. Die selfoonroman (of 'm-novel' vir 'mobile novel') is die eerste literêre genre wat gebore is uit die sellulêre era. Die genre het ontstaan in Japan waar 'n jong vrou haar lewensverhaal op haar selfoon begin tik het en op 'n selfoonwerf, Maho i-Land, afgelaai het. Maho i-Land is die grootste



selfoonwerf, dra tans meer as een miljoen selfoonromantitels en word deur drie en half biljoen besoekers per maand besoek. Selfoonromans kan gratis daar afgelaai word. Sommige van hierdie selfoonromans word in gedrukte formaat uitgegee en is as sodanig ook blitsverkopers.

In Suid-Afrika loods die Shuttleworth Foundation in 2009 die eerste Suid-Afrikaanse selfoonroman, **Kontax**. Dit is in Engels en isiXhosa gepubliseer. Elke dag word 'n hoofstuk van 400 woorde vrygestel op die Kontax-mobi-webwerf. Lesers kon dit ook op MXit en Facebook bekom. Om die verhaal te kon lees moes lesers gratis registreer. Hulle kon dan ook kommentaar lewer, stem oor sake rakende die verhaal en aan kompetisies deelneem.

Met die uitbreiding van **Kontax** na die Yoza-mobi-webwerf in Oktober 2010 het LAPA 'n ooreenkoms met die Shuttleworth Foundation aangegaan om ook Afrikaanse inhoud op Yoza te plaas. Ons het twee van ons gewilde jeugverhaalskrywers geborg om elk 'n selfoonroman te skryf. Jaco Jacobs skryf **Vakansieromans**, 'n liefdesverhaal oor 'n boekverslaafde meisie wat die ou van haar drome by die see ontmoet, terwyl Fanie Viljoen **Uit** - 'n roman wat handel oor 'n tienerseun wat worstel met sy seksualiteit - skryf. Die selfoonromans word gratis afgelaai (as mens nie die datakoste in ag neem nie). Tieners kan die storie stukkie vir stukkie van die webwerf aflaai. Gaan loer gerus op die www.yoza.mobi webtuiste.

Vir ons is dit belangrik om stories te vertel en lees te bevorder omdat mense eersgenoemde deur al die eeue nog nodig gehad het om sinvol te bestaan en omdat lees nog steeds die sleutel tot inligting en kennis is. Die medium is van minder belang. Daarom hou ons met groot belangstelling die ontwikkeling van boeke in die elektroniese era dop.

Bronne

Mace, M. The future of publishing: Why ebooks failed in 2000, and what it means for 2010. Intyds beskikbaar: <http://mobileopportunity.com/2010/10/03/future-of-publishing-why-ebooks-fail>
Aptara (1), 2010. Quality eBook production in a highly dynamic marketplace. An Aptara Business White Paper, Augustus 2010. Intyds beskikbaar: <http://www.aptaracorp.com/resources/category/white-papers/>
Aptara (2), 2010. eBooks: Uncovering their impact on the publishing market, Augustus 2010. Intyds beskikbaar: <http://www.aptaracorp.com/resources/category/white-papers/>